# Suidwes-Kaap

## Naweek in Beeld

Mountain breeze Resort 21-23 Augustus 2015

## Gebied Goeie Hoop se gesamentlike AJV

Suidwes-Kaap was verantwoordelik vir die reëlings van Gebied Goeie Hoop se Algemene jaarvergadering kamp naweek wat 'n magdom vooraf werk behels het. Pieter Henning was verantwoordelik vir die uitvoer daarvan. Ons is bevoorreg hier in die Wes-Kaap om 'n terrein soos Mountain Breeze so naby aan die huis te hê. Vroegoggend is daar al heelwat van al die streke se lede daar om 'n staan plekkie tussen die dennebome te kry. Sommige het weer gaan werk. Streke teenwoordig vir die naweek was Albatros, Helderberg en Suidwes-Kaap.









Vroegaand brand Koos Oosthuizen se vuurtjie al en word daar lekker gesels. Hier is Andre Potgieter, Sonja Snyman, Louie-Cecile Boonzaaier en Hendriena Oosthuizen. Sailer Viljoen kon nie kom kamp nie so Koos het gehelp met die sleep van hulle woonwa sodat Estie die naweek kan saam kamp.

So groet van die oudste tot die jongste ook mekaar. Hier is Paul Steyn, Bettie Reinke, Rikus Engelbrecht en Isabel Steyn.





So kuier die Loeries ook saam; Dave en Koekie griesel, Frans Reinke, Joan Foster en Carla Smit.

Vrydagaand se boekevat was gedoen deur Andre Heyns en sy tema was "inpak". Ons was egter nie daar nie weens ander verpligtinge. Vroeër die aand is daar al hard gewerk om die saal reg te kry vir die AJV wat vroeg Saterdagoggend sou begin.








Heelwat later Vrydagaand het ‘n groepie van ons gaan kuier by die wat nog wakker was. Daar was lekker gelag en gesels en dis altyd lekker om by die ander streke ook welkom te voel. Die interaksie is goed en gesond.



## Saterdag

Elke lid wat die vergadering bywoon teken in by die deur en gou is ons reg vir ons jaarlikse AJV wat ’n groot geleentheid is.







Ons Algemene jaarvergadering is begin deur Ohna Oosthuizen wat die vergadering geopen het met Skriflesing en gebed. Die nuwe bestuur is gekies en sal later die aand bekend gemaak word. Hier word die jaarlikse toekennings uitgegee.




# Toekennings 2015



Andre Potgieter en Louie-Cicile Boonzaaier; Gebieds Meriete, 100% en Verdienste



Kobus Botha en Sonja Snyman: Verdienste.



Hanlo en Melicia Engelbrecht: Streek Meriete, Gebieds Meriete, Verdienste en 5 in 'n ry.



Hennie en Sonja Delport: Streek Meriete, Gebieds Meriete, Verdienste en 80%.



Niël en Rozèl Goslett; Streek Ere Hoër, Gebieds Meriete, 100%, Verdienste en Bestuur.



Herman en Marieta Gerber; Gebieds Ere en Verdienste.



Dave en Koekie Griessel:



Piet en Antoinette Steyn: 100%, Verdienste, Ledewerwing



Barend en Judith Hagen: Verdienste



Pieter Henning en Lizzy Nel: Streek Meriete, Gebieds Ere Hoër, 100%, Verdienst en Bestuur.



Tannie Sippie Henning: Verdienste



Hannes en Yolanda Heyns: Verdienste



Danny en Teresa Le Roux: Streek Meriete, Gebieds Meriete, Verdienste en Bestuur.



John en Engela McDonald: 100%, Verdienste en Kampleier.



Dennis en Louise Mitchell: Streek Meriete, Gebieds Meriete, Verdienste, Bestuur en 80%.



Archie Mitchell: Verdienste en 5 inry.



Koos en Hendriena Oosthuizen: Streek ere Hoër, 100%, Verdienste en Lede werwing.




Bennie Pienaar: Verdienste



Frans en Bettie Reinke: Verdienste en 5 inry.



Paul en Isabel Steyn: Streek Meriete, Gebieds Meriete, 100%, Verdienste, Bestuur en Ledewerwing.



Carla Smit: Streek ere, Gebieds Meriete, Verdienste en 80%.



Louis en Channé Stemmet: Verdienste



Sailer en Estie Viljoen: Streek Meriete, 100% en Verdienste.



Riaan en Petro Steyn: Streek Meriete, Verdienste en 100%.



Pieter en Anna Van Deventer: Verdienste en 80%.



Johan en Ohna Oosthuizen: Steek Meriete, Gebieds ere Hoër, 100%, Verdienste, Bestuur, Bestuur en Kampleier.



Petrus en Janine Theron: Streek Meriete, Gebieds Meriete, 100%, Verdienste en

Foto; Channe Stemmet

Baie geluk aan elkeen wat hier 'n toekenning ontvang het. Dit getuig van 'n streek waar die lede hul kant bring sodat ons by elke kamp iets besonder kon beleef het.




Penningmeester: Melicia Engelbrecht het vir ons die finansiële verslag voor gehou.




Loerie verteenwoordiger: Louise Mitchell het vir ons die Loerie verslag voor gehou.




Voorsitter: Johan Oosthuizen het die voorsitters verslag voor gehou.




Daar was ook 'n tydjie vir 'n grappie.




Koos en Erina van Wyk het vir ons die stembriefies getel. Baie dankie.




Koos Oosthuizen het 'n paar waar woorde gespreek en die vergadering afgesluit met 'n gebed.





Hier ontvang Herman en Marieta Gerber elk ‘n SWK warm baadjie vir al Herman se werk om die boeke na te gaan elke jaar. Melicia Engelbrecht het dit oorhandig.







Die lengte het ons kom hallo sê met die mooi blomme.





Die res van die dag is daar saam gekuier en sommige het gaan rondry en die Boland se mooi geniet. Roete 44 was ook ‘n groot trekpleister en ons het ook daar gaan draai. Sjoe, daar is die lekkerste kerrie!



Foto; Janine Theron



Foto; Janine Theron



Foto; Janine Theron



Foto; Janine Theron

Laat middag is daar ingespring om die saal reg te kry vir die aand se verrigtinge, SWK julle mag maar, want aan spanwerk is daar nie ‘n tekort nie.

.en toe word ons moeg.

# AJV - Denee



Johan en Ohna Oosthuizen, gasheer en gasvrou vir die aand.





Die vrouens het baie mooi gelyk die aand; hier is Lizzie Nel, Janine Theron, Isabel en Elmarie Steyn.









Johan heet almal welkom en vertel so met die verloop van die aand ook 'n paar grappies.



Andre Heyns het vir die aand begin met Skriflesing en gebed. Gisteraand was mos inpak—vanaand.. Hak.



Gebiedvoorsitter Niël Goslett het op sy mooi manier ook van gebied se kant af, vir ons 'n paar woorde gespreek.

Die ere lede is welkom geheet









Wonderlik dat hulle nog saam met ons kamp en wil kamp. Dankie, dat ons na julle kan opkyk.





























Let asseblief daarop dat die volgende toekennings alreeds by die eerste foto's  aangedui is. Die toekennings wat hier volg is alles Gebiedsmeriete, Gebieds Ere en Gebieds Hoër toekennings. Die Gebieds seketaresse , Ohna Oosthuizen het alles mooi uiteengesit en staan hier vir Niël Goslett by met die oorhandiging.



Ohna Oostuizen



Hanlo, Melicia en Rikus Engelbrecht



Carla Smit



Andre Potgieter en Louie - Cicile Boonzaaier



Hennie en Sonja Delport



Pieter Henning



Danny en Teresa le Roux



Dennis en Louise Mitchell



Johan Oosthuizen



Niël en Rozèl Goslett



Paul en Isabel Steyn




Petrus en Janine Theron



Diekers was aangesteek ter nagedagtenis van die afsterwe van Oom Louw Pretorius.

---


Nou kom ons by die groot een vir die aand, wie is SAWA Suidwes-Kaap se man en vrou van die jaar? Slegs nie bestuurslede kan in aanmerking kom vir die eer om die wisseltrofee te ontvang. Alleen die Voorsitter kan die persoon aanwys. In die geval is dit Johan Oosthuizen. Hierdie trofee kan jy ook net een keer ontvang.

Verlede jaar se man en vrou van die Jaar. Koos en Hendriena Oosthuizen.









Carla Smit—Vrou van die Jaar
Niël Goslett –Man van die Jaar

**Baie geluk julle twee! Julle mag maar spog hiermee.**







Verlede jaar se man en vrou van die Jaar vir Gebied Goeie Hoop. Melicia Engelbrecht en Paul Steyn. Hulle oorhandig ook die trofee's aan die nuwe man en vroue van die jaar.





Peet Hugo;  Man van die jaar Gebied Goeie Hoop



Benita Stramrood; Vrou van die jaar. Gebied Goeie Hoop.



Baie geluk







SWK nuwe Bestuur

Penningmeester: Hanlo Engelbrecht;   Skakelbeampte: Andre Potgieter;  Redakteur: Petrus Theron; Jeugverteenwoordiger: Teresa le Roux;   (agter) Sekretaresse: Louie-Cicile Boonzaaier;  Loerieverteenwoordiger: Carla Smit;   Ondervoorsitter: Danny le Roux;   Voorsitter: Pieter Henning.
Baie geluk aan almal wat verkies is, sterkte vir die werk wat voorlê.

# Baie geluk

............en daar word..........





...geëet,

















en...gedans...





...gelag,



...gek geskeer,





...gespeel,



En nog gedans!









Rikus
'Tannie, jy speel so lekker met my en ek lag te lekker. Weet Tannie wat ....ek lag eintlik vir die kos wat uit die bord gaan val." Rikus dit noem ons nou binne pret nè.



Tannie Annie Van Deventer maak hier 'n koffie wat goed sal afgaan na die poeding..



Aan Suidwes-Kaap baie dankie vir 'n mooi en gesellige kuieraand wat ook die amptelike deel baie goed gereël het. Vir die bestuur en veral Pieter Henning baie dankie vir jul harde werk. Dankie, ook aan almal wat gehelp het met die saal se mooi maak, met die opskep, die mooi blomme Tannie Tossie, die regkry en uitdeel van al die toekennings, Hennie Delport vir die musiek en goeie klank. Dan ook dankie dat jy daar was en deel was van die aand!
Dankie, aan Albatros en Helderberg dat julle so spontaan ingeval en deelgeneem het om ook die aand mooi te maak.

Dit maak ons trots om deel te wees van SAWA!



Wie het die meel gegooi? Dit was nie Paul, Petrus of Danny gewees nie.....gelukkig nie......

Sondag.....







Baie dankie Andre Heyns dat ons ook kon luister na die sleep deel van jou naweek boodskappe. Dit was prakties en aangenaam om daar na te luister.



Niël Goslett het 'n paar bedankings gedoen en die kampleier plaatjies oorhandig aan: Johan Jacobs -Albatros; Pieter Henning - SWK en Koos van Wyk - Helderberg.

So kom ons AJV naweek ook ten einde. Iets om te eet en koffie of tee. Dit was 'n lekker een en die weer was goed vir ons ten spyte van die paar druppels laas nag. Ons kan droog huis toe gaan.








Terwyl ons kerk gehad het, was Teresa le Roux besig met die jong klomp. Kyk net hoe oulik is hulle. Hier is Ane Jordaan met haar prag stukkie inkleur werk. Ek verneem daar is van die groot tannies wat ook nou die inkleur ding doen.





# Bollie blad








Bennie Pienaar: Hy wou nie by die gordyn gaan staan vir die toekennings foto nie....so die een is gesteel en nou lyk hy vir my al te veel na volgende jaar se Skim? Ja, dis nie meer lank nie dan gaan daar weer hard gewerk word aan volgende jaar se Skimkamp, sterkte ook vir die wat dit moet reël.

Neels Jordaan: Ons het Vrydagaand mos bietjie gaan inloer by die ander streke. Daarna het ons weer bietjie hitte gesoek en om die vuurtjie gesit. Danny het vir ons 'n laaaaang storie vertel en Neels het so weggeraak. Die beste was dat hy na elk sin wat Danny voltooi het "uummm" gesê het sonder om een te mis. So as Neels so by jou kuier, is sy oë net toe en kan hy 'n hele gesprek volg. Mooi Neels!

**Lag maar lekker volgende keer is jy dalk op die bollie blad.**

*Kamp bywoning: 29 eie lede, Albatros 21 en Helderberg 9 = 59 Totaal .
***Ons volgende kamp is by Doringlaagte 18 tot 20 September 2015**
*Bestuurslid verantwoordelik: Carla Smit
*Foto's geneem deur Petrus Theron tensy anders aangedui. Dankie vir die foto bydraes en stuur gerus van jul foto's vir my na 'n kamp.
*Kommentaar is altyd welkom epos: theron.pj@mweb.co.za



Redakteur Petrus Theron